**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Aansoek Nr. : 869/2006

In die saak tussen:

**KAREL JOHAN WILHELM SWANEPOEL N.O.** Eerste Applikant
**YUNIS ABOO BAKER ISMAIL N.O.** Tweede Applikant
**JOHANNES FREDERICK KLOPPER N.O.** Derde Applikant

en

**MICHIEL HEYNS NIEUWOUDT** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE, RP

---

**AANGEHOOR OP:** 28 SEPTEMBER 2006

---

**GELEWER OP:** 5 OKTOBER 2006

---

Applikante is die likwidateurs van Bodibeng Development Corporation BK (in likwidasie) (hierna genoem "Bodibeng"). Respondent was die enigste lid van Bodibeng. Hierdie is 'n aansoek vir die sekwestrasie van respondent se boedel.

Applikante is op 27 Februarie 2003 as likwidateurs aangestel. Tydens 'n uitgestelde tweede vergadering van skuldeisers is daar 'n ondervraging gehou in terme van artikel 415 van die

Maatskappyewet (Wet Nr. 61 van 1973), saamgelees met artikel 66 van die Wet op Beslote Korporasies (Wet Nr. 69 van 1984) van voormalige werknemers van Bodibeng, asook van respondent self. Hierdie ondervraging het oor etlike dae gestrek op 21 Junie 2004, 22 en 23 Februarie 2005 en 20 en 21 Junie 2005. Op sterkte van die getuienis wat tydens die ondervraging na vore gekom het, beweer applikante dat respondent R1 890 249,73 aan Bodibeng verskuldig is, dat hierdie bedrag 'n gelikwideerde eis is soos bedoel in artikel 9(1) van die Insolvensiewet (Wet Nr. 24 van 1936) en dat Bodibeng derhalwe 'n skuldeiser van respondent is. Hulle beweer verder dat respondent 'n daad van insolvensie gepleeg het soos bedoel in artikel 8(b) van die Insolvensiewet deurdat die balju van Klerksdorp 'n *nulla bona* relaas uitgebring het in 'n geding tussen respondent en sy voormalige prokureurs Mnre. Theron, Jordaan en Smit Ing. (Aanhangsel "MN3"). Applikante beweer ook dat respondent inderdaad insolvent is en dat sy sekwestrasie tot voordeel van sy skuldeisers sal wees.

Respondent opponeer die aansoek hoofsaaklik op 2 gronde: Eerstens, dat Bodibeng nie 'n gelikwideerde eis teen hom het nie, en, tweedens, dat enige eise wat Bodibeng moontlik gehad het, verjaar het voordat die onderhawige aansoek op 3 Maart 2006

aanhangig gemaak is.

Wat die tweede been betref, betoog Mnr. Arnoldi namens respondent soos volg:

i) Applikante is op 27 Februarie 2003 as likwidateurs aangestel;

ii) Hulle kon op daardie datum, of kort daarna, enige moontlike eis wat Bodibeng teen respondent het, bepaal het;

iii) Meer as 3 jaar het verloop nadat so 'n eis opeisbaar geword het totdat die aansoek om sekwestrasie geloods is op 3 Maart 2006;

iv) Derhalwe het die eis verjaar en kan applikant nie daarop steun in hierdie aansoek om sekwestrasie nie.

(In hierdie verband verwys hy na die beslissing in **JHATAM AND OTHERS v JHATAM** 1958 (4) SA 36 (N). Op pagina 38 F van die verslag sê die geleerde Regter:

> "... I do not feel disposed to grant an order for compulsory sequestration on a claim which may well turn out to be unenforceable (as a result of prescription)."

Na my mening het respondent se beroep op verjaring niks om die lyf nie. Die submissie dat applikante op die dag van hulle aanstelling as likwidateurs, of binne enkele dae daarna, kennis kon gedra het

> "van die identiteit van die skuldenaar en van die feite waaruit die skuld ontstaan"

soos bedoel in artikel 12(3) van die Verjaringswet (Wet Nr. 68 van 1969) hou nie rekening met die werklikheid of die oorweldigende waarskynlikhede wat blyk uit die stukke nie. Mnr. Arnoldi se betoog dat applikante op die dag van hulle aanstelling onmiddellik toegang gehad het tot al Bodibeng se bankstate en daaruit kon bepaal wat respondent aan Bodibeng skuld, is absurd. Die getuienis toon duidelik aan dat Bodibeng se boeke, sowel as die boeke van die ander trusts en besigheidsentiteite waarby respondent 'n belang gehad het, in 'n warboel was en gladnie volledig of betroubaar was nie. Die ondervraging is juis geloods om te probeer sin maak van die warboel. Dit is eers nadat voormalige werknemers van Bodibeng getuig het en sekere dokumente ingehandig het, dat applikante kon vasstel dat respondent minstens die bedrag van hulle eis uit Bodibeng onttrek het en vir homself toegeëien het. Respondent se beroep op verjaring gaan derhalwe nie op nie.

Respondent ontken nie dat hy minstens die totale bedrag van R1 890 249,73 van Bodibeng ontvang het soos deur applikante beweer

nie. Sy saak word soos volg saamgevat in paragraaf 3.5 van sy opponerende verklaring:

> "3.5.1 Soos hierbo vermeld het ek uit my eie sak (wat insluit Gielie Nieuwoudt Promosies BK, Nieuwoudt Trust, Gielmar Trust, Maretha Nieuwoudt en Gielie Nieuwoudt Boerdery BK) Bodibeng met groot gedrae gefinansier.

3.5.2 Dit is so dat ek fondse wat Bodibeng gegenereer het aan myself en bogemelde entiteite betaal het. Die betalings was egter gemaak as terugbetaling van leningsrekeninge en trekkings waarop ek as bestuurder van Bodibeng geregtig was. Ek was immers die enigste lid van Bodibeng en kon outonoom besluite neem.

3.5.3 Geen een van die betalings waarna die Applikante in hierdie paragraaf verwys, is gemaak terwyl Bodibeng se laste sy bates oorskrei het nie. Bodibeng was deurentyd solvent en, soos hierbo vermeld, het ek verwag om na likwidasie terugbetaling van die meeste van die gelde wat Bodibeng aan my verskuldig was, te ontvang.

3.5.4 Ek ontken dat ek enige gelde aan Bodibeng verskuldig is. Soos hierbo verduidelik, is Bodibeng inderdaad miljoene rande aan my verskuldig, ten opsigte waarvan ek besig is om verdere stappe in te stel."

Wat hy egter hier sê, moet met heelwat meer as 'n knippie sout geneem word:

i) Bodibeng het die betrokke vakansieoord gedurende Januarie 1998 aangekoop vir R4,2 miljoen. Op 23 Maart 2002 beweer respondent onder eed dat die oord R32 miljoen werd is, maar op dieselfde datum verkoop Bodibeng die oord vir R9 miljoen aan ene Van Vuuren. Minder as 'n jaar later op 7 Februarie 2003 doen Bodibeng

aansoek om sy eie sekwestrasie en beweer respondent onder eed dat die oord R13,1 miljoen werd is. Op 2 Februarie 2006 is die waarde R64,105 miljoen volgens respondent. Op 20 Junie 2005 getuig hy onder eed tydens die ondervraging dat die waarde tussen R30 milljoen en R32 miljoen is. Hierdie bontpratery oor die waarde van die oord plaas ‘n groot vraagteken agter respondent se geloofwaardigheid.

ii) Respondent se finansiering van Bodibeng, òf persoonlik òf deur middel van ander entiteite waarby hy of sy vrou belang het, word nie in die boekhouding van Bodibeng gereflekteer nie. Nòg respondent nòg enige van die genoemde entiteite het tot op datum enige eis teen Bodibeng ingestel.

iii) Daar kan net nie peil getrek word op respondent se bewering dat Bodibeng deurentyd solvent was nie. Waarom was groot bedrae kontant nodig om kop bo water te probeer hou? Waarom dan aansoek doen om likwidasie? Die teendeel is waarskynlik waar soos applikante in repliek beweer:

> "Een van die redes waarom Bodibeng insolvent geraak het en nie meer instaat was om sy krediteure te betaal nie, was juis die feit dat respondent en al sy ander entiteite Bodibeng finansieel leeg gebloei het en handelinge verrig het soos uiteengesit in paragraaf 8.3.1 tot paragraaf 8.3.12 van my funderende beëdigde verklaring:"

Ek bevind dat applikante minstens *prima facie* aangetoon het dat hulle 'n gelikwideerde eis van R1,890 miljoen teen respondent het.

Dit is gemenesaak dat respondent geen onroerende bates het nie. Hy swyg soos die graf oor enige roerende bates en verklaar bloot soos volg:

> "My boedel is solvent en is ek instaat om al my skuldeisers se eise te vereffen."

Sy verduideliking vir die *nulla bona* relaas op 9 Desember 2005 toe betaling van slegs ongeveer R72 000,00 van hom geverg is, grens aan die absurde en kan op die stukke met gerustheid verwerp word.

Daar kan twyfel wees nie dat respondent se sekwestrasie tot voordeel van sy krediteure sal wees. Mnr. Arnoldi het ook nie die teendeel betoog nie.

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

Gevolglik word 'n voorlopige sekwestrasiebevel uitgereik met keerdag 2 November 2006. Die gebruiklike bevel met betrekking tot betekening word ook verleen.

**J.P. MALHERBE, RP**

Namens die Applikante: Adv. N. G. Laubscher
In opdrag van:
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN

Namens die Respondent: Adv. A. F. Arnoldi SC
In opdrag van:
Naudes
BLOEMFONTEIN

/em